1 Tess 4:13-18 **TREUR – MAAR NIE SONDER HOOP NIE**

## DOOD OF SLAAP?

Wie het nie al gewonder oor wat met ons gebeur wanneer ons sterf nie? Wie mis nie hul gestorwe geliefdes nie? Daar is die kindergebed wat een outjie gebid het: *"Here, in plaas daarvan om die ou mense te laat doodgaan en elke keer weer nuwes te maak, waarom hou U nie maar sommer net die oues nie?"*

'n Nederlandse teoloog (A van Ruler) het wel beweer dat 'n mens eers teen ongeveer 40jarige ouderdom oor jou dood begin dink. Voor daardie tyd, in jou jong jare, is jy nog te besig om die lewe te probeer bemeester. Dis eers daarna dat jy begin dink oor die einde van jou lewe op aarde.

'n Mens kan egter nie anders nie as om dikwels daaraan herinner te word dat jou lewe 'n grens het nie (Ps 90). Ons het laas Sondag gepraat oor die grense wat ons gereeld moet oorsteek soos wat die Israeliete die Jordaanrivier na die Beloofde Land moes oorsteek (Jos 3). Die dood is een daarvan. Jordaanrivier = metafoor: "Jordan river, I'm bound to cross/ I've got one more river to cross/ Mother will be waiting/ mother can't help me to cross/ Father will be waiting/ father can't help me to cross/ Jesus will be waiting/ He's gonna help me to cross" Die dood is dus ook 'n "oorgrenservaring". (Styx – Griekse mitologie: rivier wat jy moet oorsteek wanneer jy sterf)

Paulus se gebruik van die woord <u>***"slaap"***</u> vir die dood wys duidelik daarop dat die dood nie 'n *permanente toestand* is nie ("ontslapenes" vs 13,14,15). Dis nie die *einde* van die pad nie. Ons glo dat die nuwe lewe wat ons saam met Christus ontvang, ewig is en dat hulle wat in Hom glo, nie werklik sterf nie. **Jesus** het ook by twee geleenthede na die dood as 'n "*slaap"* verwys: (Dogtertjie van **Jairus en Lasarus**.) <u>Ooreenkomste</u>: (1) Soos slaap is die dood 'n **tussentoestand.** (2) Soos wanneer jy slaap, bly jy ook in jou dood **dieselfde persoon**. (3) En soos wanneer jy goed geslaap het, staan jy op as 'n **nuwe mens**! (JvR) Jy kan dus sê: "Hy slaap soos 'n dooie" of: "Hy is dood soos 'n slapende!"

## GEMEENTE NOG ONKUNDIG

Tessalonika was die **hoofstad** van Masedonië. Paulus het die gemeente daar op sy **tweede sendingreis** teen ongeveer 50nC gestig. Sy bediening is ongelukkig **kortgeknip** toe hy moes vlug vir sy lewe. Hy laat gevolglik 'n klomp **jong gelowiges** agter by wie daar nog onduidelikheid was oor baie leerstellige sake. Hulle het bv gewonder oor die **lot van mense** wat sterf voor Jesus se terugkeer. Ook die **wegbly** van Jesus se terugkeer was vir hulle 'n groot probleem. Hulle het nie gedink dit sou so lank duur nie. Paulus **skryf** toe maar vir hulle hierdie Brief aangesien hy nie meer self daar was om hul vrae te beantwoord nie (LEES 4:13a). 1 en 2

Tessalonisense is waarskynlik die **vroegste** van sy briewe wat in die Bybel opgeneem is (49 nC). ‘n Mens sou dit die begin van ***christelike literatuur*** kon noem.
Die eerste brief skryf hy met ‘n **<u>drieledige doel</u>**: (1) om **dankbaarheid** te betuig oor hoe goed dit met die gelowiges daar gaan; (2) om **onduidelikhede** uit die weg te ruim en (3) om hulle **op te roep** om te lewe soos God wil.

**TROOS VIR GROOTSTE BEKOMMERNIS**

Toe hy nog by hulle was, het Paulus verkondig dat Christus *gou kom, onverwags, enige tyd* en dat hulle daarvoor **gereed** moet wees. En nou is Paulus *weg*. Die lewe gaan voort, mense *sterf* en Jesus kom nie! Hulle **grootste bekommernis** was: *Wat word dan nou van die mense wat sterf voordat Jesus kom? Gaan hulle Sy koms misloop?* Die manier waarop hulle getreur het, het ook laat blyk dat hulle gedink het die dood is ‘n **finale skeiding**.
Hulle het nog nie die geloof in Jesus se opstanding en die volle **implikasies** daarvan reg verstaan nie. *Daarom het hulle net soos die ander nie-gelowiges óm hulle geword.* Hulle het **getreur** soos mense sonder hoop. Hulle het begin glo medegelowiges wat reeds intussen gesterf het, het **géén deel** aan die wederkoms en opstanding nie.
Paulus verduidelik nou vir hulle in sy brief dat dit nie die geval is nie (lees :14). Beide die **skeiding** tussen gees en liggaam en tussen gelowiges is **tydelik.** Met Christus se terugkeer word gees en verheerlikte liggaam **herenig**. Dan gaan ALLE gelowiges, die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, *vir altyd saam met die Here wees*. Die afgerstorwenes sal **geensins benadeel** word nie. Daar kom ‘n herontmoeting om nooit weer geskei te wees nie.
In vers 16 en 17 beskryf Paulus hoe hy **die gebeure aan die einde** van die tyd voorsien. Sy beskrywing van die eindtyd stem ooreen met die *aankoms van 'n vooraanstaande heerser of aanvoerder in 'n Grieks-Romeinse dorp of stad*. Die aankondiging van die oomblik van Jesus se wederkoms sal gepaard gaan met 'n **bevel**, die **stem** van die aartsengel en die **trompet** van God wat weerklink (allesbehalwe ‘n *stille wegraping*!). Dit is verbeeldingryke taal om 'n gebeurtenis te beskrywe wat ons verstand te bowe gaan. Wanneer dít gebeur, sal diegene wat in Christus gesterf het eerste uit die dood opstaan. Daarná sal dié wat lewe met hulle verenig en "*saam op die wolke"* weggevoer word. “*En so sal ons altyd by die Here wees. Troos mekaar dan met hierdie woorde.”* (:17,18)

**GELOOF IN JESUS SE OPSTANDING MAAK 'N GROOT VERSKIL**

'n Mens sou dalk uit vers 13 kon aflei dat Paulus van mening is: *"Mense met hoop, treur nie.*" Dit sou 'n **verkeerde afleiding** wees. **Jesus** het tog ook by Lasarus se graf getreur. Maar daar is treur EN treur!

**Hoop beteken nie** dat ons *nie* ly agv 'n verlies nie, dat ons *nie* ons geliefdes verskriklik mis nie, dat ons *nie* ook deur dele van Getsemane gaan of soms selfs soos Job op die ashoop sit nie.

Dit word **nie van 'n christen verwag** dat omdat jy 'n christen is en die persoon wat gesterf het ook 'n gelowige was, jy nou met 'n **vrolike gesig** moet rondloop en nie 'n **traan** mag stort nie! Laat ons treur wanneer ons moet treur! ("*Wees bly met die wat bly is en treur met die wat treur." (Rom 12:15)* Ons moet oppas om nie **ongevoelig** te reageer op ander se hartseer oor sy/haar verlies nie.

Nicholas Wolterstorff het na die dood van sy seun 'n boek geskryf: *Lament for a son*. Hy skryf daarin hy het gedink dat hy vir die res van sy lewe deur trane na die wêreld sal kyk. "*Miskien sal ek dinge sien wat ek met droë oë nie kon sien nie,"* het hy geoordeel.

Geliefdes, ons **mag maar** treur.

Maar **vra** soos wat ons ook verlede Sondag suggereer het: **Wie is God Drie-enig in hierdie situasie?** Jesus is die *Opgestane*, die Een wat die *dood oorwin* het, die *angel* daaruit gehaal het. **Watter beloftes het Hy vir ons in sulke situasies gegee?** Dat wie in Hom glo, sal lewe al het hy ook gesterwe. Hy kom weer om ons te kom haal sodat ons ook vir altyd kan wees waar Hy is (Joh 14).

Dan **kan ons mos nie** treur soos die mense wat Hom nie ken of erken nie? Watter indruk moet DIT maak by nie-gelowiges!? **Bely** ons dan nie gereeld Sondae dat ons glo in Jesus se opstanding en in die opstanding van die vlees en die ewige lewe nie? As ons dit glo, MOET dit mos 'n GROOT verskil maak aan ons houding, woorde en optrede? Die dood is inderdaad 'n **toets vir ons diepste geloofsoortuigings** – of ons werklik glo in Jesus en of ons waarlik vir God op Sy Woord neem.

Dit is verstaanbaar wanneer ***ongelowige*** mense *dodelik beangs* is vir die dood, *ontroosbaar* is by die graf, *losbandig* lewe. Maar ***wie glo*** in die opstanding en die wederkoms, SAL anders reageer en anders lewe! Ons het immers troos en HOOP! En dit geld ook van ander verliese soos van eiendom, gesondheid, kragte en vermoëns, wanneer ek 'n liefdesteleurstelling gehad het of my span of ekself verloor het – ons kan maar treur, maar nie soos hulle wat geen hoop het nie!

Amen
6/11/11